

Christus se lyding het ons na God gebring, laat jou lei deur die wil van God (I Pet 3:18-22, 4:1-2)

Inleiding

Ons behandel vandag 7 verse waarvan vier baie moeilik verstaanbaar is, en waarvan een vers oor die algemeen bekend staan as een van die moeilikste verse in die Bybel. Dis een van die voordele om 'n Bybelboek so van voor na agter te werk – jy kan nie net by die gewilde dele in die Bybel stilstaan en die moeilike dele oorslaan nie.

So, wat doen ons as ons sulke moeilike teks gedeeltes raakloop? Die eerste ding is ons bid.

Gebed

O God, die Vader, ons kom vandag in nederige afhanklik na U toe en vra, dat U ons, U wil sal wys in hierdie gedeelte.

O God die Seun, wys ons vandag weer wat U verlossingswerk vir ons beteken.

O God, die Heilige Gees, wys ons U krag vandag. Ja die krag waardeur U, ons Verlosser uit die dood opgewek het. Open ons oë en verlig ons verstand as ons deur hierdie teks werk.

Ons is nie teoloë en geleerdes wat moeilike argumente kan maak oor sulke moeilike gedeeltes nie, maar U het beloof dat selfs kindertjies U Woord kan verstaan. Daarom vra ons in kinderlike afhanklikheid: Help ons daarom om nie vas te val in die detail van die moeilike geseeltes nie, maar lei ons, deur U Woord, om raak te sien wat U ons hier wil leer.

Help elkeen wat hier lees of luister dat hulle ook verlig sal word, elkeen vir die omstandighede waarin hulle vandag is, want Here ons weet dat U dit so beskik het dat wie ookal nou luister of lees, juis vandag hierdie boodskap moet hoor. Gee Here, dat selfs al lig ek sekere dinge nie uit nie, maar U wil dit vir hulle deurgee, dat hulle dit self sal raaksien as hulle deur die deel lees en na die tyd dit oordink.

Verander nou ons klip harte na harte wat U, O drie-enige God se wil uitvoer. Ons bid dit in die Naam van Jesus Christus, ons Verlosser.

Amen.

Skrifoordenking

1. Wat maak ons met so moeilike gedeelte?

So, wat maak ons met so moeilike gedeelte? Verskillende mense hanteer dit verskillend. Maar miskien sal dit jou help as ek met jou deel hoe ek daarmee omgaan:

Wel, eerstens bid ek daarvoor. Baie keer oor baie dae, soos ek die deel oor en oor lees en oor 'n paar dae herkou. In die paar dae volg ek dan breedweg die stappe:

1. Ek probeer die struktuur van die stuk kry dat ek verstaan wat is die belangrikste punt wat die skrywer maak en probeer daarop fokus om minstens dit goed te verstaan.
2. Dan kyk ek of die dele net voor, of net na die gedeelte vir my meer duidelikheid gee.

3. Daarna kyk ek of die skrywer aanhaal uit ander dele en gaan lees dit om te sien hoe dit help.
4. Daarna kyk ek of die skrywer op ander plekke in die boek ook die onderwerp aanraak
5. Dan kyk ek wat dieselfde skrywer op ander plekke in die Bybel daaroor sê
6. En laastens sal ek uitkring na wat ander Bybel tekste oor die gedeelte sê

Al hierdie stappe was nodig hier. Jy sal dit sien soos ons daardeur gaan, en natuurlik is dit nie moontlik om in 'n kort video reg te doen aan een van die moeilikste dele in die Bybel nie. Ons gaan dit daarom oor twee dae doen. Selfs dit is nie genoeg nie, maar ons is besig met 'n oorsig oor I Petrus, so ons kan nie vasval in te veel detail nie. Vandag, gaan ons kyk na die struktuur en dit wat duidelik is en wat die kern boodskap vir ons is. Mōre gaan ons dan deur die moeilike gedeeltes werk en onself afvra: Hoe belig hierdie moeilike gedeeltes ons kern boodskap nog verder. Hoekom is hulle daar ingesit?

2. Christus het... vir sondes gely... sodat Hy julle na God kon bring.

As ons eers die moeilike dele en die stukkies wat die kern verder beskryf uithaal dat ons die struktuur van die stukkie kan kry dan lees hy so:

Moenie hulle *intimidasi*e vrees, of ontsteld raak nie.

15 *Inteendeel, eerbiedig Christus as Here in julle harte...*

18 *Immers, ook Christus het... vir sondes gely...*

sodat Hy julle na God kon bring.

Hy is wel *liggaamlik doodgemaak,*
maar deur die Gees is Hy lewend gemaak.

[moeilike deel oor aan geeste verskyn en die doop wat red...]

op grond van die opstanding van Jesus Christus

22 *Hy wat...*

1 *Omdat Christus dan liggaamlik gely het,*

moet julle... [moeilike deel oor klaar met sonde]

2 *Daarom laat hy hom ... lei...deur die wil van God.*

Onthou, 1:13-3:12 grootliks oor heiligheid. Petrus het nou net begin om ons van lyding te leer.

Gister het ons geëndig met

Moenie hulle *intimidasi*e vrees, of ontsteld raak nie.

15 *Inteendeel, eerbiedig Christus as Here in julle harte,*

18 *Immers...*

Petrus sluit nou daarby aan as hy begin met "Immers"

Ons het dit nie gister uitgewys nie, maar vers 15 kom eintlik uit Jesaja 8:

12 *"Julle moet nie alles 'n sameswering noem wat hierdie volk 'n sameswering noem nie; en waarvoor hulle bang is, daarvoor moet julle nie bang en bevrees wees nie.*

13 *Die HERE, Heerser oor alle magte, Hom moet julle as heilig erken, en Hy is die Een vir wie julle bang en bevrees moet wees.*

14 Hy sal 'n heiligdom word, en 'n klip waarteen 'n mens jou stamp, 'n rots waaroor 'n mens struikel; (Jes 8:11-14)

Jesaja skryf kort voor die ballingskap. Die volk is ook bang en bevrees net soos Paulus se lesers. Die antwoord is: Erken God as die heilige, vrees Hom en nie mense nie. Onthou julle, Petrus het hierdie gedeelte oor die klip ook aangehaal toe ons die geloofsgroei hanteer het. Daar het ons gesien of ons val oor hom, of Hy is vir ons kosbaar. Petrus gebruik dit dan nou hier en pas dit toe op Christus: **eerbiedig Christus as Here in julle harte.**

In ons groepering van Bybelboeke, sit I Petrus in bundel W, wat handel oor lyding en swaarkry. Die ander boek in die bundel is Hebreërs. Ons gaan vandag en môre Heb 9 en 10 gebruik om ons deur die stuk te help. Kyk net hoe relevant was hulle omstandighede: 32 Maar onthou die vroeër dae toe julle, nadat julle verlig is, 'n geweldige stryd van lyding deurstaan het. 33 Aan die een kant is julle **deur beledigings en deur verdrukking openlik bespotlik gemaak; aan die ander kant het julle julle vereenselwig met dié wat so behandel word.** 34 Ook het julle met die gevangenes medelye gehad, en die beslaglegging van julle besittings **met vreugde aanvaar, omdat julle weet dat julle 'n beter en blywende besitting het.** (Heb 10:32)

Die kern boodskap vir hierdie gedeelte is in vers 18. Niks van die moeilike dele kom daarin voor nie:

18 Immers, ook Christus het ... **vir sondes gely,**

Christus se lyding is 'n baie sterk tema in die brief. Behalwe vir die twee keer wat dit in vandag se stuk voorkom leer hy ons ook:

1:10,11 Oor hierdie **verlossing** het **die profete, ... geprofeteer ... oor Christus se lyding en die heerlijkheid**

1:19 **maar dat julle losgekoop is met die kosbare bloed van Christus, Hy wat soos 'n lam is, vlekloos en sonder liggaamsgebrek.**

2:21 Julle is immers hiertoe **geroep, want Christus het ook ter wille van julle gely; Hy het vir julle 'n voorbeeld nagelaat, sodat julle in sy voetspore kan volg.**

4:13 **wees eerder bly namate julle deel het aan die lyding van Christus, sodat julle ook by die bekendmaking van sy heerlijkheid uitbundig sal kan jubel.**

5:1 ek, julle **mede-ouderling en getuie van die lyding van Christus,**

So die lyding is voorspel, dit het ons losgekoop, dit gee vir ons voetspore om te volg, dit vat ons sonde weg, dit maak ons bly in swaarkry. En van dit alles was Petrus 'n oog getuie: Dit is waar. Al verstaan ons niks verder van vandag se stuk nie is die kern boodskap kosbaar want luister wat is die rede hoekom Hy gely het:

sodat Hy julle na God kon bring.

Dis wonderlik dat ons sonde vergeef is, dis nog meer wonderlik dat ons vir ewig gaan leef in ons erfenis, maar die heel wonderlikste is dat ons by God kan wees. Ons sal vir ewig in sy teenwoordigheid wees. Maar let op Petrus gebruik die verlede tyd: **Kon** bring. Die verhouding is reeds herstel. Ons hulp boek, Hebreërs belig dit so:

19 Broers, ons het dus vrymoedigheid **deur die bloed van Jesus om in te gaan na die heiligdom,** 20 langs 'n nuwe en lewende weg wat Hy vir ons geopen het **deur die tempelgordyn heen, dit is deur sy liggaam** (Heb 10:19-20)

God is nie 'n God wat ver is nie, ons kan direk met hom praat. Neem jy nog die vrymoedigheid om in te gaan in daardie heiligdom met gebed in jou swaarkry tye? Besef jy nog, dat al hoekom jy dit mag doen, is omdat Jesus Christus die voorhangsel na die Allerheiligste oopgeskeur het met sy sterwe?

Die stukkies tussenin belig dit nou vir ons verder: “Eens en vir altyd”. Christus het een keer gely en die impak daarvan duur vir altyd. Dit word ook so in Hebreërs belig.:

10 Volgens sy wil is ons heilig gemaak deur die offer van die liggaam van Jesus Christus, eens en vir altyd. (Heb 10:10)

En dit het hy gedoen ter wille van onregverdiges. Mense wat dit glad nie verdien nie – ek en jy! Hebreërs help ons so:

24 Want Christus het nie 'n mensgemaakte heiligdom, 'n nabootsing van die ware een, binnegegaan nie, maar die hemel self, om nou ter wille van ons voor God te verskyn; 25 ook nie sodat Hy Homself herhaaldelik sou offer nie ... Maar nou, by die volheid van die tye, het Hy eens en vir altyd verskyn om met sy offer die sonde ter syde te stel. (Heb 9:24-26)

Die enigste manier hoe die onregverdige se sonde ter syde gestel kon word was deur die plaasvervanging van 'n regverdige.

Hy, die Regverdige, ter wille van onregverdiges

15 Die Hoëpriester wat ons het, is nie Een wat geen medelye met ons swakhede kan hê nie; Hy was immers in elke opsig net soos ons aan versoeking onderwerp, maar Hy het nie gesondig nie. 16 Kom ons gaan dan met vrymoedigheid na die genadetroon, sodat ons barmhartigheid en genade ontvang en so op die regte tyd gered kan word. (Heb 4:14-16, 1983)

3. Hy wat lewend gemaak is

Petrus het nou vir ons verduidelik hoekom Christus moes ly, nou bespreek hy die opstanding:

*Hy is wel liggaamlik doodgemaak,
maar deur die Gees is Hy lewend gemaak.
[moeilike deel oor aan geeste verskyn en die doop wat red...]
op grond van die opstanding van Jesus Christus
22 Hy wat...*

*1 Omdat Christus dan liggaamlik gely het,
moet julle... [moeilike deel oor klaar met sonde]*

2 Daarom laat hy hom ... lei...deur die wil van God.

Môre sal ons kyk wat beteken die opstanding deur na die eerste moeilike gedeelte te kyk. Vers 22 vertel ons meer wie is die “Hy wat” opgestaan het.

*22 Hy wat aan die regterhand van God is
nadat Hy die hemel binnegegaan het,
en engele, magte en kragte aan Hom onderwerp is. (I Pet 3:19-22, 2020)*

Die Een wat vir ons sonde gesterf het, het opgestaan en regeer nou vanuit die hemel. Sy plaasvervangende werk het ons nou met God versoen en ons het ook nou toegang. Dis die een wat opgestaan het. Dis jou Verlosser!

Nou loop hoofstuk 3 oor in hoofstuk 4.

Hy bespreek dan 'n verdere implikasie van Christus se lyding met 'n verdere moeilike dedeelte waarby ons nog sal uitkom.

Hierdie boodskap oor Christus se lyding en opstanding vloei dan oor in 'n nuwe lewe:

2 Daarom laat hy hom

...

nie langer deur menslike begeertes lei nie, maar wel deur die wil van God.

En dit van nou af tot jou sterwensdag.

Die gedeelte het begin met die opdrag om nie bang te wees vir mense wat lyding veroorsaak nie, maar God moet vrees deur Jesus Christus te eerbiedig. Ons is nie meer bang vir mense wat ons vervolg of beledig nie, want ons harte is verander. Die grond daarvan is die verlossingswerk van Jesus Christus. Ons laat ons nou lei deur die wil van God. Hoe kry ons dit reg? Ook hiermee help Hebreërs ons:

15 Ook die Heilige Gees getuig teenoor ons; want nadat Hy gesê het, 16 "Dit is dan die verbond wat Ek ná daardie dae met hulle sal sluit, sê die Here: Ek sal my wette in hulle harte gee en dit op hulle verstand neerskryf," sê Hy ook: 17 "Ek sal glad nie meer aan hulle sondes en aan hulle wettelose dade dink nie." (Heb 10:15-17)

Petrus het ons reeds vroeër in die boek daarop gewys dat ons nuut opgewek is, ons is wedergebore. As nuwe mense sien ons hierdie verlossingswerk van Jesus Christus raak, en val ons nie meer oor die klip nie, maar word Hy vir ons 'n kosbare Hoeksteen. Daarom is ons deel van die nuwe verbond met die twee wonderlike beloftes:

1. Die vergifnis van sonde
2. Die inwoning en werking van die Heilige Gees.

Samevatting

Die hele gedeelte gaan oor hoekom ons nie moet bang wees of ontsteld raak in lyding nie

Ons moet eerder God vrees en Christus eerbiedig want: Hy het vir ons sonde gely sodat Hy ons na God kon bring.

Sy opstanding herinner ons aan Sy redding. Hy is die een wat reeds regeer.

Daarom is ons klaar met sonde en laat ons ons deur die wil van God lei

Daarom ons tema vir vandag:

Christus se lyding

het ons na God gebring

laat jou lei deur die wil van God

4. Oordenking

Alhoewel hierdie gedeelte baie moeilike dele tussenin het, is die oorkoepelende boodskap baie duidelik. Ons leer baie van die Vader, Seun en Heilige Gees in die gedeelte. Skryf neer wat jy geleer het.

5. Dankbaarheid

Die gedeelte het weer 'n duidelike oproep tot 'n veranderde lewe deur wat God, die Vader, Seun en Heilige Gees in jou lewe gedoen het. Waartoe lei die Gees jou, in jou eie omstandighede, vandag? Skryf minstens een voorneme neer wat jy vandag anders gaan doen.

6. Aanbidding

Sluit hierdie sessie af in gebed soos die Gees jou lei.

Vrede vir jou